PERSVERKLARING

SARS SPOOR BELASTINGPLIGTIGES AAN OM OPGAWES IN TE DIEN MET DIE 2026-BELASTINGSEISOEN WAT SY LAASTE DAE BETREE

Tshwane, 22 Oktober 2026 — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) doen ’n beroep op nievoorlopige belastingpligtiges, wat nog nie hul opgawes ingedien het nie, om dit te doen voor die 2026-belastingseisoen hierdie Vrydag, 23 Oktober 2026, tot ’n einde kom.

Teen 30 September 2026 het SARS meer as 6,9 miljoen opgawes outomaties aangeslaan, ’n toename van 20% teenoor die vorige jaar. SARS het ook outo-aanslae uitgebrei na sekere voorlopige belastingpligtiges wat dit nie voorheen ontvang het nie. Vanaf 1 Julie tot 19 Oktober 2026 het SARS terugbetalings van altesaam R33 miljard aan 3 143 675 belastingpligtiges uitbetaal. Van hierdie terugbetalings is 85% binne 72 uur uitbetaal, wat meer as 3 miljoen belastingpligtiges bevoordeel het.

Vir die 2026-belastingseisoen het SARS sy gebruik van geverifieerde derdepartydata uitgebrei, outo-aanslae vermeerder en sy eFiling-platforms verbeter. SARS het dit ook vir belastingpligtiges moontlik gemaak om deur WhatsApp aanslagkennisgewings te ontvang en dokumente in te dien, wat nóg ’n digitale kanaal bied om met SARS sake te doen.

Die kommissaris van SARS, dr. Johnstone Makhubu, het gesê: “Die uitbreiding van outo-aanslae toon hoe beter benutting van data belastingpligtiges se interaksie met SARS kan vereenvoudig. Die spoed waarmee regmatige terugbetalings verwerk word, is ’n belangrike maatstaf van doeltreffende belastingadministrasie.”

Hierdie verbeterings bevorder SARS se strategiese voorneme om vrywillige nakoming aan te moedig deur belastingpligtiges duidelikheid en sekerheid oor hul verpligtinge te bied. Die doel is om nakoming maklik en doelbewuste nienakoming moeilik en duur te maak.

“Belastingadministrasie behels meer as bloot die invordering van bedrae wat regtens verskuldig is. Die doeltreffende uitbetaling van regmatige terugbetalings is ewe belangrik om belastingpligtiges in ’n moeilike ekonomiese omgewing te ondersteun en

sekerheid aan hulle te bied. Ons moderniseringsprogram het ten doel om sowel invordering as terugbetalings te verbeter, terwyl die integriteit van die belastingstelsel beskerm word," het Kommissaris Makhubu gesê.

Nog net een dag oor om opgawes in te dien

SARS doen 'n beroep op belastingpligtiges wat nog nie hul opgawes ingedien het nie om dit nou te doen, eerder as om tot die laaste dag te wag. Opgawes kan voor die sperdatum van 23 Oktober 2026 deur SARS eFiling of die SARS MobiApp ingedien word.

Laat indiening van persoonlike inkomstebelastingopgawes kan lei tot 'n maandelikse administratiewe boete van R250 tot R16 000, afhangend van belasbare inkomste, totdat die opgawe ingedien word. Boetes en rente kan ook op onbetaalde belastingskuld gehef word. Belastingpligtiges wat nie die volle bedrag kan betaal nie, moet SARS spoedig kontak om betalingsreëlings te bespreek, eerder as om hul verpligtinge na te laat.

Die kommissaris het belastingpligtiges bedank wat reeds hul verpligtinge vir die belastingseisoen nagekom het, en dié wat nog opgawes moet indien, aangespoor om dit voor die sperdatum te doen.

"Elke belastingpligtige wat hul verpligtinge nakom, dra daartoe by dat ons land funksioneer en ontwikkel. Ons bedank die miljoene belastingpligtiges wat hul verpligtinge nagekom het en doen 'n beroep op dié wat nog opgawes moet indien om nou op te tree. Ons digitale platforms stel belastingpligtiges in staat om hul verpligtinge na te kom sonder om 'n SARS-tak te besoek," het Kommissaris Makhubu gesê.

Vir navrae, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE